# Legitimasie

NG Kerk Vrystaat



Vincent van Gogh. ***The Starry Night***. *Saint Rémy, June 1889T.*

# PROGRAM

## 2024

NG GEMEENTE **HUGENOOT**

# Baie welkom

MAG DIT ‘N GESEËNDE
GELEENTHEID WEES

# PROGRAM

**Verwelkoming** — Ds Wouter van Velden

**Liturg en Prediker** — Prof Kobus Schoeman

**Orrelis** — Mnr Chris Crouse

## Aansteek van die Christuskers

**Toetredelied**
**Lied 454:1**
**Vader, ons eer U**

1 Vader, ons eer U, ons loof U, ons aanbid U.
U wat heel die skepping onderhou,
U gee son en reën, ons ontvang u seën.
Heel die skepping wentel om u trou.

**Loflied**
**Lied 464:1, 2**
**O Heer my God**

1 O Heer my God, as ek in eerbied wonder
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou ...

***Refrein***

*Dan moet ek juig, my Redder en my God*!
*Hoe groot is U; hoe groot is U*!
*Want deur die hele skepping klink dit saam:*
*Hoe heerlik, Heer, u grote Naam*!

2 Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

***Refrein***

*Dan moet ek juig, my Redder en my God*!
*Hoe groot is U; hoe groot is U*!
*Want deur die hele skepping klink dit saam:*
*Hoe heerlik, Heer, u grote Naam*!

Sangitem: Maryke Smit – vrye verwerking van Psalm 121
Komponis: Prof Johan Potgieter (UV) Postuum

**Epiklesegebed**

**Skriflesing**

Matteus 13:31-33, 44-50 (AFR20)

## Doen anders – want God se Koninkryk word 'n werklikheid.

**Matteus 13:31-33 AFR20**

"Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou: **Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaadjie** wat iemand geneem en in sy tuin geplant het. Dit is die kleinste van al die soorte saad, maar wanneer dit gegroei het, is dit die grootste van al die tuinplante en word dit 'n boom, sodat die voëls van die hemel in sy takke kom nesmaak.

Hy het nog 'n gelykenis vir hulle vertel: **Die koninkryk van die hemele is soos suurdeeg** wat 'n vrou geneem en in drie saton koringmeel ingewerk het, totdat dit heeltemal deursuur is."

**Matteus 13:44-50 AFR20**

"**Die koninkryk van die hemele is soos 'n skat** wat in die veld begrawe lê. 'n Man het dit ontdek en weer toegegooi. Uit blydskap gaan verkoop hy alles wat hy het en koop daardie grond. **Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n handelaar op soek na goeie pêrels**. Toe hy een baie kosbare pêrel vind, het hy gegaan en alles wat hy gehad het, verkoop en dit gekoop.

**Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n treknet** wat in die see uitgewerp is en van elke soort vis gevang het. Toe dit vol was, het hulle dit op die strand getrek. Hulle het toe gaan sit en die goeies in houers bymekaargemaak, maar die slegtes uitgegooi. So sal dit wees by die voleinding van die tyd: Die engele sal uitgaan, en hulle sal die bose mense tussen die regverdiges uithaal en hulle in die vuuroond gooi. Daar sal 'n geween en 'n gekners van tande wees."

**Woordverkondiging** Prof Kobus Schoeman

## Gebed: Lied 266

**LIED 266**

**Ons Vader wat woon in die hemel**

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy, u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood
en vergeef ons al ons skulde,
net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, amen.
Vir ewig en ewig, amen.

# LEGITIMASIEPLEGTIGHEID

**Legitimasie deur ds Christo Weideman namens ATP van**
Colloquium Doctum, Diensleraars en Bedienaars
met Erediensbevoegdheid

**Algemene Taakspan Predikantesake NG Kerk**

**Formulier vir Legitimasie**

**Gelukwensing**

**Oorhandiging van Aktes van Legitimasie**

**Ondertekening van Legitimasieverklaring**

**Seënbede**
**LIED 268**

Laat, Heer, u seën op hul daal,
u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en dit geskied,
wil, Heer, u seën oor hul gebied.

# GELUKWENSING

**Fakulteit Teologie en Religie**

Prof John Klaasen
**Dekaan**

**Kuratorium NG Kerk Vrystaat**

Ds Jan Lubbe
**Voorsitter van die Kuratorium**

Oorhandiging van geskenk van
NG Kerk Vrystaat

**Verlening van Demissie** — Ds Jan Lubbe

Prof Kobus Schoeman

**Bedankings** — Ds Gideon Lamprecht

**Slotlied**
**LIED 464:3,4**
**O Heer my God**

3 U Seun word mens; in ons gebroke wêreld
kom vestig Hy sy koningsheerskappy.
Hy maak weer heel wat sonde hier gebreek het.
Hy bring weer hoop en redding –
ook vir my.

**_Refrein_** _Dan moet ek juig, my Redder en my God!_
_Hoe groot is U; hoe groot is U!_
_Want deur die hele skepping klink dit saam:_
_Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!_

4 U maak ons deel van al u grootse werke.
U laat ons bid, Heer, dat u ryk mag kom.
En kom U weer in heerlikheid op wolke,
maak U volkome nuut u eiendom.

**_Refrein_** _Dan moet ek juig, my Redder en my God!_
_Hoe groot is U; hoe groot is U!_
_Want deur die hele skepping klink dit saam:_
_Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!_

---

**Seën en Gemeentelike Respons: Amen** **LIED 314**

---

# HARTLIK GELUK

## aan die proponente, families en gemeentes

**Ons bid julle die seënbede van Psalm 134 toe**

"Kom prys die Here, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan!
Mag die Here jou seën uit Sion. Hy wat hemel en aarde gemaak het."

U word almal uitgenooi na 'n geselligheid in die kerksaal.

# KANDIDATE VIR LEGITIMASIE

In 2017 het die Protestantisme die 500-jarige herdenking van die Reformasie gevier.

Met die Reformasie is die grondwerk gedoen vir die grootskaalse hervorming binne die kerk.

Om die kerklied terug te plaas in die monde van die lidmate, was een daarvan.

**Die 500-jarige bestaan van die Protestantse gesangeboek word in 2024 gedenk en gevier.**



HUGENOOT

# COLLOQUIUM DOCTUM

## IZANNE ELLIS

### Fakulteit Teologie en Religie



Izanne Ellis is in 1970 gebore en het in Potchefstroom grootgeword. In 1988 matrikuleer hy aan die Hoër Volkskool Potchefstroom. In 1992 verwerf hy sy BA-Admissiegraad aan die PU vir CHO. In 1996 verwerf hy die BD-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Izanne word in 2002 gelegitimeer. In 2003-2006 is hy 'n voltydse predikant by die NG Gemeente Zeerust-Noord. In 2006 bedank hy vrywillig as predikant van die NG Kerk. Vanaf 2015 tot op hede is Izanne betrokke by die NG Kerk Edenville as 'n ouderling met preekbevoegdheid.

Sy belangstellingsveld is Sistematiese Teologie en Missiologie. Sy passie en voorreg is Woordverkondiging en die daaglikse gemeentelewe – spesifiek in die plattelandse konteks. Huisbesoek is vir hom 'n verdere liefde. Izanne is gelukkig getroud met Carina en het twee volwasse seuns – Cezanne en Zanne.

## ZAK SCHOLTZ

### Fakulteit Teologie en Religie



Zak Scholtz is in Johannesburg gebore en het sy kinderjare op 'n plaas buite Meyerton deurgebring. Hy matrikuleer in 2003 aan Hoërskool Dr Malan. Ná skool het Zak IT-rekenaarprogrammering studeer. Tydens hierdie studie het hy 'n diepe roeping van die Here na teologie beleef. Hy voltooi 'n BA- en BTh-graad aan die Afrikaanse Protestantse Akademie. In 2013 voltooi Zak sy MTh-graad in Teologie (Apologetiek), aan die Noordwes-Universiteit. Tydens die ses jaar in voltydse bediening in Bloemfontein, skryf Zak in vir 'n MBA-graad wat hy D.V. in 2024 aan NWU se Besigheidskool sal voltooi.

Zak se hart lê diep gewortel in die bediening aan mense van alle ouderdomme. Zak se fokus is egter op jong professionele mense – diégene wat onlangs getroud of selfs jong kinders het. Deur ervaring het Zak ondervind dat hierdie groep 'n sentrale rol speel in die bou van 'n lewenskragtige gemeente. Zak is gelukkig getroud en is 'n trotse pa van twee seuns, 5 en 7 jaar oud. Hy woon tans in die pragtige Mosselbaai-omgewing in die Wes-Kaap.

# DIENSLERAARS

## IZAK BEKKER

### NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane



Izak Russell Bekker het 'n lewende verhouding met die lewende God. Hy is geroep deur God om vir sy medemens van God te vertel. Dit is 'n voorreg wat hy nooit vanselfsprekend sal aanvaar nie. Dit is vir hom lekker om van God te leer en praat. Hy resoneer maklik met jeug en werk goed saam met mense. Hy het sy studies geniet en sal ander aanraai om teologie te studeer. Hy wil mense help in hulle geestelike vorming in samewerking met sy Heer en Verlosser, Jesus Christus. Izak bely só: "Alle eer aan God en God alleen".



### JOHN O'CONNOR

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

John preek die afgelope 10 jaar in verskeie NG Kerke in die Oos-Vrystaat en is die afgelope ses jaar betrokke by die gemeente in Clocolan. Hy geniet preek, pastoraat en jeug en is voltyds in die onderwys as skoolhoof. John leef sy roeping uit in die woorde van Paulus: *"Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen ..."* - 1 Korintiërs 9:20-23 (AFR83).

## BEDIENAARS MET EREDIENSBEVOEGDHEID



### HEIDI MC LAREN

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Heidi het 'n liefde vir prediking wat vir haar die hartklop van die gemeente is. Die bediening van gesinne, pastorale terapie en kinder- en jeugbediening lê haar na aan die hart. So ook uitreike na skole en kampe, opleiding en toerusting van kategete en jeugleiers (sy is Direkteur van die Projek: Goeie Nuus vir Kinders) en missionale uitreike tot opbou en versterking van die geloofsgemeenskap. Sy is ook tans gemeentebestuurder (vanaf 2013) en dit is vir haar 'n voorreg om saam met ds Philip Mc Laren, haar eggenoot, as leraarspaar te bedien.



### ANDREAS NIEUWOUDT

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Andreas se naskoolse opleiding behels 'n N6-Diploma in Kuns (Motheo Kollege) - 1996, Bedienaar in Pastorale Sorg (Hugenote Kollege) - 2023 en Bedienaar in erediens en preekvaardigheid (Hugenote Kollege) - 2024. Andreas se fokus is op pastorale versorging, die jeug, barmhartigheid en omgeegroepe. Hy is getroud en het twee kinders.



### LULU VAN DER BERG

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Lulu is vir die afgelope 26 jaar voltyds by die VCSV (Verenigende Christen Studente Vereniging) betrokke, waar sy veral op die jeug fokus met haar bediening in skole en toerusting aan onderwysers. Sy het jarelange ondervinding met kampe en uitreike (binne- en buitelands). Sy is lief vir skryf en ook program- en materiaalontwikkeling. Haar passie is mense en die Woord van God. Sy het onlangs toenemend 'n groot liefde vir prediking ontwikkel en geniet elke oomblik daarvan.

# LEGITIMASIEVERKLARING

**"Ek, die ondergetekende, oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here**

dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis *(Confessio Belgica)*, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;

dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;

dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;

dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;

dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;

dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;

dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-Enige God;

dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.



# Doen anders - want God se Koninkryk word 'n werklikheid.

## Matteus 13:31-33, 44-50

Ontwerp deur
**© 2024** | NG Kerk Vrystaat

*Voor- en agterbladfoto: Vincent van Gogh. The Starry Night. Saint Rémy, June 1889T.*